

Maandag **12**

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 6:1-14

FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 6:14

God voorsien, en vyande soos Sanballat verander niks daaraan nie

Sanballat was 'n invloedryke man en besonder gevaarlik vir die Judeërs. Hy het ook sterk bande met Israel gehad. Die projek van Nehemia om die mure van Jerusalem te herbou, het Sanballat woedend gehad. Tog was hy magteloos, want Nehemia het die toestemming van koning Artasasta gehad.

Sanballat het toe eers smalend teen die Judeërs opgetree en met hulle die spot gedryf (4:2). 'n Geestelike oorlogvoering – hulle sal dit tog nie kan regkry om die muur om Jerusalem te herbou nie. Ons lees egter dat die teendeel plaasgevind het. Die Judeërs het met hulle harte gebou (4:6), want hulle het geweet dit is die Here se opdrag en sy wil.

Sanballat verander sy strategie, en probeer eers vir Nehemia onder valse voorwendsels vir 'n vergadering by Kefirim betrek, maar sonder sukses. Nehemia sien dwarsdeur sy plan. Daarna versprei hy vals gerugte oor Nehemia dat Nehemia 'n opstand teen die koning beplan, maar ook daaraan steur Nehemia hom nie, aangesien hy weet dat dit leuens is. Dit alles maak dat Nehemia meer en meer sy krag by die Here soek, want hy bid: “Sterk tog my hande, o God!” (vs 9).

Met die laaste aanval van Sanballat waarvan ons in dié gedeelte lees, koop hy vir Semaja – 'n vals profeet – om, om te probeer om Nehemia te kry om vir beskerming na die tempel toe te vlug. Daarmee sou Nehemia 'n godsdienstige oortreding begaan en hom die woede van die godsdiensteleiers op die hals haal. Hy was nie 'n priester of 'n Leviet wat sommer net by die tempel kon ingaan nie.

So het die vyand probeer om met listige planne Nehemia uit te haal, sodat die muur om Jerusalem nie herbou kon word nie.

Nehemia het voortdurend by God sy krag gesoek in afhanklikheid en die Here het hom tydens al hierdie aanvalle van die vyande staande gehou.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Ds. E (Emile) Naudé (Eden)